Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## 2023

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

Stanmorephysics

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

**SUID-AFRIKA SE TROTS**

1 Die 2020-Olimpiese Spele wat eers in 2021 in Japan gehou is, was baie anders as in ander jare. By hierdie Spele was daar byna geen toeskouers nie, almal moes maskers dra en ander Covid-regulasies nakom. Dit het egter nie die atlete se gees gebreek nie. Inteendeel! Daar was baie goeie prestasies.

2 Twee van Suid-Afrika se eie sterre by hierdie 2020-Spele was Ntando Mahlangu en Tatjana Schoenmaker. Ntando het aan die Paralimpiese Spele deelgeneem, terwyl Tatjana aan die Olimpiese Spele deelgeneem het.

3 Maar wie is hierdie twee atlete wat Suid-Afrika so trots gemaak het?



4 Ntando Mahlangu het 'n lang en moeilike pad na sukses geloop, maar almal wat hom goed ken, sal vir jou sê dat hulle altyd gewéét het Ntando sou 'n sukses van sy lewe maak. Sy persoonlike omstandighede het hom gedwing om gou groot te word en belangrike besluite te neem. Hy het 'n baie positiewe houding, gesels graag met ander mense en lag altyd.

5 Ntando is met hemimelie gebore. Dit is 'n siekte wat veroorsaak het dat sy bene onder die knieë nie reg ontwikkel het nie. Hy het dus nie 'n normale lewe gehad nie. Toe hy 10 jaar oud was, het Ntando gehoor dat hy kunsbene kon kry as sy bene afgesit word. Daarom het hy self vir sy familie gesê dat hy sy "nuttelose" bene wou laat afsit. In 2012 het hy sy eerste hardlooplemme gekry.

6 Johan Snyders, 'n Pretorianer wat met mense soos Ntando werk, het Ntando onder sy vlerk geneem. Ntando het by die Snyders-gesin gewoon en in 2013 het hy by Laerskool Constantiapark in Pretoria begin skoolgaan. Daar het Ntando gewys dat hy 'n gebore leier is. Hy was op die leerlingraad en het met die skolierepatrollie gehelp. Sy skoolmaats het gesê dat Ntando vir hulle geleer het dat gestremde mense nie ander se simpatie nodig het nie.

7 In 2016 het Ntando (14) aan die Paralimpiese Spele in Rio de Janeiro deelgeneem. Hy het die silwer medalje in die 200 m-wedloop gewen. Dit was werklik iets besonders, want hy het ouer en meer ervare atlete geklop. En toe kom die 2020-Spele in Japan! Daar het die jong atleet die goue medalje in sy naelloopitem gewen én die wêreld verras toe hy ook die T36-verspring vir mans gewen het.

Downloaded from Stanmorephysics.com


8 Ntando het dus twee goue medaljes vir Suid-Afrika huis toe gebring. Met sy terugkoms in SA het hy gesê hy het dit vir Suid-Afrika gedoen. Dié nederige jongman sê hy sien homself glad nie as 'n superster nie. Hy is net Ntando Mahlangu wat graag tyd saam met sy vriende deurbring en sport en musiek geniet! Hy het in 2021 sy matriek aan Afrikaans Hoër Seunskool voltooi.



9 Tatjana Schoenmaker is op 9 Julie 1997 in Johannesburg gebore. Sy het aan Tuks Sport High School studeer en in 2015 daar klaargemaak. Daarna het sy BCom Finansiële Wetenskappe aan die Universiteit van Pretoria studeer. Sy swem ook al jare by hulle swemklub.

10 Die Olimpiese Spele in Japan was Tatjana se debuut. Voor die Spele het sy aan baie ander kompetisies deelgeneem en goed gedoen. By die Spele het hierdie 24-jarige swemmer oorheers. Sy doen die beste in die borsslag-items. Sy het 'n goue medalje in die 200 m-borsslag behaal. Daarna het sy 'n silwer medalje in die 100 m-borsslag verower. Tatjana se goue medalje was die enigste goud wat SA in Japan kon behaal; vandaar die naam "goue koningin".

11 Na haar sukses het verskeie organisasies Tatjana as Sportvrou van die Jaar aangewys, onder andere *Swimming World* en die Universiteit van Pretoria.

12 Ntando Mahlangu en Tatjana Schoenmaker ... Suid-Afrika kan met reg trots wees op hierdie twee atlete!

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 29 September 2016, Wikipedia, e.a.]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 In watter land is die 2020-Olimpiese Spele gehou? (1)

1.2 Noem TWEE redes waarom die 2020-Spele anders was as in ander jare. (2)

1.3 Skryf VIER OPEENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 2 neer wat by die opskrif van hierdie teks aansluit. (1)

1.4 Hoekom het Ntando se bene nie reg ontwikkel nie? (1)

1.5 In paragraaf 4 lees ons dat Ntando se persoonlike omstandighede hom gedwing het om belangrike besluite te neem.

1.5.1 Watter groot besluit het Ntando op tienjarige ouderdom geneem? (1)

1.5.2 Waarom kan ons sê dat hierdie besluit 'n goeie besluit vir Ntando was? Noem TWEE redes. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com



| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | Hoekom was 2012 'n belangrike jaar vir Ntando? | (1) |
| 1.7 | Johan Snyders het Ntando onder sy vlerk geneem. (Paragraaf 6) | |
| | 1.7.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.<br><br>Dit was tot Ntando se (voordeel/nadeel) dat Johan hom onder sy vlerk geneem het. | (1) |
| | 1.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.7.1. | (1) |
| 1.8 | Hoe oud was Ntando toe hy aan die Olimpiese Spele in Rio de Janeiro deelgeneem het? | (1) |
| 1.9 | Hoekom was die medalje wat Ntando in Rio gewen het 'n besonderse prestasie? | (1) |
| 1.10 | Skryf EEN woord uit paragraaf 7 neer wat vir ons sê dat die wêreld nie verwag het dat Ntando in 2021 die verspring vir mans sou wen nie. | (1) |
| 1.11 | Wat doen Ntando graag in sy vrye tyd? Noem EEN hiervan. | (1) |
| 1.12 | Ntando is nog op skool.<br><br>Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. | (1) |
| 1.13 | Waarom kan ons sê dat Ntando se positiewe houding hom in sy lewe gehelp het? | (1) |
| 1.14 | Watter universiteit het 'n belangrike rol in Tatjana se lewe gespeel? | (1) |
| 1.15 | Waaruit kan ons aflei dat Tatjana haarself voorberei het om iets anders te kan doen as sy nie meer kan swem nie? | (1) |
| 1.16 | Hoekom is Tatjana in 2021 Suid-Afrika se "goue koningin" genoem? | (1) |
| 1.17 | Watter swem-item is Tatjana se sterkpunt? | (1) |
| 1.18 | Wie het Tatjana as Sportvrou van die Jaar aangewys? | (1) |
| 1.19 | Watter les, dink jy, kan jy by Tatjana leer? | (1) |
| 1.20 | Hoe help die foto's jou met die verstaan van hierdie teks? | (1) |

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

**TEKS B**

Bestudeer die weerkaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




Verwerk uit sawx.co.za]

1.21 Wat stel die pyltjies by die temperature in George voor? (1)

1.22 Wat stel  by Kaapstad voor? (1)

1.23 Waarom, dink jy, sou dit nodig wees vir mense wat na Beaufort-Wes reis om 'n sambreel in te pak? (1)

1.24 Watter plek is die verste suidelike punt van Suid-Afrika? (1)

1.25 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.25) neer.

Waarom sou dit ideaal wees om op 8 Mei 2023 Saldanha toe te gaan vir 'n sport waarvoor jy wind nodig het, en nie Kaapstad toe nie?

A Die wind in Kaapstad was daardie dag die sterkste in die provinsie.
B Die wind in Saldanha het daardie dag die sterkste gewaai.
C Dit was 'n lekker dag in Saldanha.
D Die golwe was daardie dag hoog in Kaapstad. (1)

1.26 Waarom sal hierdie weerkaart jou nie kan help as jy Limpopo toe wil reis nie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

Dit is baie belangrik om gesond te lewe.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE wenke om GESOND TE LEWE in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**SÓ KAN JY GESOND LEWE!**

Hoe jy jou dag begin, bepaal in watter bui jy vir die res van die dag sal wees. 'n Vaste oggendroetine kan jou help om jou dag goed te begin. Deel van hierdie roetine is dat jy betyds moet opstaan. Gereelde oefening kan nie genoeg beklemtoon word nie. Jy hoef nie ver te gaan hardloop of enige strawwe oefening te doen nie. Jy kan net stap. Dit sal ook help om jou hartklop te verhoog en spanning te verlig.

Groente, veral donker blaargroente, het baie voordele. Dit gee 'n mens 'n gesonder vel en meer energie. Jy sal sommer 'n verbetering in jou gesondheid sién as jy iets groens by jou ontbyt insluit. Essensiële olies is nie net lekker om te gebruik nie. Dit kan ook help om jou gesond te hou. Jy kan watte in laventelolie of bloekomolie druk en dit in 'n sakkie toebind. Wanneer jy dan gespanne is, kan jy die olies inasem. Dit sal jou lekker laat ontspan. Vars lug maak die longe, die hart en die gedagtes oop. As jy net vyftien minute per dag vars lug inasem, kan dit jou dag opvrolik en jou bloedvloei verbeter.

Om gereeld te strek is baie goed vir jou. Dit help jou om te ontspan en is nodig om spiere te herstel en te versterk. Jy kan sommer jou eie strekoefeninge tuis doen. Wanneer 'n mens moeg is, is jy geïrriteerd en kan jy nie goed werk nie. Daarom is dit belangrik om genoeg te slaap. Dit herstel jou liggaam en gees.

[Verwerk uit Digital revolutions – Google]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**

Slimkop




Oefen jy gereeld?

(3.2) Is jy moeg om jou selfoon te laat val?

Kry vir jou 'n ***Slimkop***! Dit is die (3.3) (nuut) slimhorlosie.

(3.4) ***Slimkop*** dra jou belange op die hart.

(3.5.1) Dit meet jou bloeddruk, suurstofvlakke en hartklop terwyl jy oefen.

***Slimkop!***



**Beperkte voorraad!!**

Skakel vandag jou handelaar by: 011-124 4455

[Verwerk uit TVStuffReviews.com]

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.1 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

3.2 Skryf die sin hieronder oor as 'n STELSIN.

Is jy moeg om jou selfoon te laat val? (1)

3.3 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Dit is die (nuut) slimhorlosie. (1)

3.4 "*Slimkop* dra jou belange op die hart."

3.4.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde word (letterlik/figuurlik) bedoel. (1)

3.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.4.1. (1)

3.5 Hierdie horlosie kan baie dinge doen.

3.5.1 Waarom noem die adverteerder alles wat hierdie slimhorlosie kan meet? (1)

3.5.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie  sê vir ons dat jy die slimhorlosie kan gebruik om (jou treë te tel as jy stap/vir nuwe skoene te betaal). (1)

3.6 Waarom herhaal die adverteerder die voornaamwoorde "jy" en "jou" in die advertensie? (1)

3.7 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.7) neer.

Wat wil die adverteerder met die woorde "**Beperkte voorraad!!**" bereik?

Hy wil hê die leser moet ... koop.

A meer as een *Slimkop*
B dadelik 'n *Slimkop* gaan
C die duurste *Slimkop* gaan
D die *Slimkop* met die meeste funksies (1)

3.8 Watter belangrike inligting het die adverteerder weggelaat? (1)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




* **hooi**: Droë gras wat deur diere geëet word.
* **stroo**i: Droë gras waarop diere slaap.

[Verwerk uit *Mama Taxi*]

4.1 Kyk na RAAMPIE 2.

4.1.1 Hoe weet ons dat Frikkie vinnig ry? (1)

4.1.2 Hoe weet ons dat die bestuurder van die bakkie vinnig ry? (1)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"NEE NAA" in RAAMPIE 2 is (die klank wat die sirene maak/Frikkie wat vir die bestuurder skree). (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.3 Skryf die sin hieronder oor in die INDIREKTE REDE. Gebruik **dat** in jou antwoord.

Frikkie: "Jou hooi het van die bakkie afgeval." (1)

4.4 Kyk na die bestuurder in RAAMPIE 3.

Hoe kan ons sien hy is geskok oor wat gebeur? (1)

4.5 Kyk na die bestuurder se woorde in RAAMPIE 3. Skryf die vetgedrukte woord korrek oor.

Nou **wat's** dié dan? (1)

4.6 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.6) neer.

Kyk na RAAMPIE 4. Frikkie se woorde is 'n idioom wat beteken dat ...

A hy klaar gewerk het vir die dag.
B hy genoeg gehad het van mense wat die wet oortree.
C hy nie meer strooi oorgehad het nie.
D al die strooi van die bakkie afgeval het. (1)

4.7 Kyk weer na RAAMPIE 3 en 4.

Waaruit kan ons aflei dat die twee bestuurders nie bang is om verkeersreëls te oortree nie? Verwys in jou antwoord na al twee bestuurders. (2)

4.8 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Die doel van hierdie strokiesprent is om mense (te laat lag/te laat dink aan die vervoer van goedere). (1)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**GOOGLE 'DOODLES'**

Google is 'n baie bekende (5.1.1) (soekenjin). (5.1.2) (Miljoene mense gebruik dit). 'n Mens (5.1.3) (erken/herken) ook sommer dadelik die Google-logo.



(5.1.4) (Die stigters van Google besluit om doodles te skep). 'n Doodle is 'n (5.1.5) (permanente) verandering aan die gewone logo. Die eerste Google 'doodle' is op (5.1.6) (30) Augustus 1998 gebruik. Daarna het baie ander gevolg. Dit word gewoonlik geskep om iets spesifieks te herdenk, (5.1.7) (bv.) Kersfees of die Olimpiese Spele.

(5.1.8) (Soms) word 'doodles' ook geskep om bekende mense te vereer. (5.1.9) (Michael Jackson Albert Einstein en Louis Braille) is al met spesiale 'doodles' vereer (5.1.10) ... die werk wat hulle gedoen het.

Vandag is daar 'n hele span 'doodlers' wat hierdie 'doodles' (5.1.11) (skep). Teen 2019 het hulle al (5.1.12) (baie) as 4 000 verskillende 'doodles' geskep.

Van tyd tot tyd hou Google 'doodle'-kompetisies. Studente kry dan die kans (5.1.13) ('doodles' skep) en die publiek stem vir die beste 'doodle'. Die (5.1.14) (wen) se doodle word vir 24 uur deur Google geplaas.

[Verwerk uit Wikipedia]

5.1.1 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Google is 'n baie bekende (soekenjin). (1)

5.1.2 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Miljoene mense gebruik dit. (1)

5.1.3 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

'n Mens (erken/herken) ook sommer dadelik die Google-logo. (1)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.1.4 Skryf die sin hieronder oor in die VERLEDE TYD.

Die stigters van Google besluit om 'doodles' te skep. (1)

5.1.5 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

'n 'Doodle' is 'n (permanente) verandering aan die gewone logo. (1)

5.1.6 Skryf die GETAL tussen hakies as 'n woord.

Die eerste Google 'Doodle' is op (30) Augustus 1998 gebruik. (1)

5.1.7 Skryf die AFKORTING tussen hakies voluit as 'n woord.

Dit word gewoonlik geskep om iets spesifieks te herdenk, (bv.) Kersfees of die Olimpiese Spele. (1)

5.1.8 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

(Soms) word 'doodles' ook geskep om bekende mense te vereer. (1)

5.1.9 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in die onderstaande sin in. Onderstreep die leesteken.

Michael Jackson Albert Einstein en Louis Braille is al met spesiale 'doodles' vereer. (1)

5.1.10 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Hulle is vereer ... die werk wat hulle gedoen het. (1)

5.1.11 Gebruik die HOMONIEM van **skep** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.1.12 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Teen 2019 het hulle al (baie) as 4 000 verskillende 'doodles' geskep. (1)

5.1.13 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Studente kry dan kans ('doodles' skep). (1)

5.1.14 Vorm 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Die (wen) se 'doodle' word vir 24 uur deur Google geplaas. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Bron: depositphotos]

5.2.1 Skryf die sin oor in die ONTKENNING.

Die drie jongmense is familie van mekaar. (1)

5.2.2 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Hulle is op pad na 'n *(meeting)*. (1)

5.2.3 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies.

Sarah is Peter se (broer). (1)

5.2.4 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Lisa skryf die belangrike punte op haar tablet. Sy kan dit onthou. (sodat) (1)

5.2.5 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die drie jongmense dra (winter + klere). (1)

5.2.6 Vul die korrekte VOORNAAMWOORD in.

Sara hou 'n appel in ... hand. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

*Kopiereg voorbehou*

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na. Sien eers horisontaal en dan vertikaal na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 1**

**TEKS A: SUID-AFRIKA SE TROTS**
[Verwerk uit *Huisgenoot*, 29 September 2016, Wikipedia, e.a.]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | (In) Japan | 1 |
| 1.2 | • Daar was byna geen/min toeskouers.<br>• Almal het maskers gedra.<br>• Almal moes Covid-regulasies nakom./Covid<br>• Dit is eers 'n jaar na die beplande datum gehou./Dit is nie in dieselfde jaar as wat die naam voorgestel het, gehou nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.3 | "Suid-Afrika se eie sterre"/Mahlangu en Tatjana Schoenmaker/Ntando Mahlangu en Tatjana<br>*(Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie)* | 1 |
| 1.4 | • Hy is met hemimelie gebore.<br>• Hy is gebore met 'n siekte (wat veroorsaak het dat sy bene onder die knieë nie reg ontwikkel het nie).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.5.1 | Ntando het besluit om sy bene te laat afsit/amputeer.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.5.2 | • Ntando kon kunsbene kry.<br>• Hy het (in 2012) sy eerste hardlooplemme gekry<br>• Sy lewe was meer normaal./Hy het geleer dat gestremde mense nie simpatie nodig het nie.<br>• Dit het Ntando in kontak gebring met Johan Snyders./Sy lewe het verander nadat hy Johan Snyders ontmoet het./Hy het by die Snyders-gesin gaan woon.<br>• Ntando se keuse het hom geleenthede in Pretoria/skole gegee.<br>• Ntando kon aan die Paralimpiese Spele in 2016 en 2021 deelneem/hardloop/aan atletiek deelneem./Hy kon twee medaljes wen./Hy kon Suid-Afrika se trots word./Hy het 'n sukses van sy lewe gemaak.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Slegs een feit per kolpunt.)* | 2 |
| 1.6 | Ntando het sy eerste hardlooplemme gekry.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.7.1 | voordeel | 1 |
| 1.7.2 | • Johan het Ntando (op verskillende maniere) gehelp, bv. hy kon aan die Paralimpiese Spele deelneem.<br>• Ntando het by die Snyders-gesin gewoon/beter lewensomstandighede gehad.<br>• Johan het geweet hoe om met mense soos Ntando te werk/hom geleer dat gestremde mense nie simpatie nodig het nie.<br>• Ntando het na 'n goeie skool/Laerskool Constantia-park toe gegaan.<br>• Ntando kon matrikuleer.<br>• Johan het Ntando emosioneel en moreel gehelp.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.7.1 moet korrek wees om die punt by VRAAG 1.7.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.8 | 14/veertien (jaar) | 1 |
| 1.9 | Ntando het **ouer** en **meer ervare/ouer/meer ervare** atlete gewen.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | "verras"<br>*(Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie)* | 1 |
| 1.11 | • Hy kuier (graag)/bring tyd saam met sy **vriende** deur./**Kuier**<br>• Hy luister na **musiek**.<br>• Hy geniet **sport**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | Hy het in 2021 matriek geslaag./Hy het sy matriek in 2021 (aan die Afrikaans Hoër Seunskool) voltooi.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13 | Sy positiewe houding het ...<br>• hom laat aanhou al was dinge moeilik/gehelp om 'n sukses van sy lewe te maak.<br>• hom hard laat werk/oefen (om dankbaarheid te betoon).<br>• hom gehelp om nie weg te skram van uitdagings nie.<br>• ander mense gemotiveer om hom te help/vir ander mense goeie lesse geleer.<br>• van hom 'n leier/goeie rolmodel gemaak/ander mense makliker met hom laat kommunikeer.<br>• hom gemotiveer om elke keer beter te presteer.<br>• hom gehelp om hard aan sy drome as atleet te werk/twee medaljes (nie net vir hom nie, maar vir Suid-Afrika ook) te wen.<br>• gemaak dat mense vir hom respek gekry het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.14 | Universiteit van Pretoria/Tuks | 1 |
| | | |
| 1.15 | • Sy het Finansiële Wetenskappe studeer./Sy het gaan studeer.<br>• Sy het vir 'n beroep studeer.<br>• Sy het 'n BCom-graad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.16 | • Sy het die swem oorheers.<br>• Sy het die beste in borsslag gedoen/goud gekry.<br>• Sy het die enigste goue medalje vir Suid-Afrika gewen.<br>• Sy het 'n goue en 'n silwer medalje/twee medaljes gekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.17 | (100m/200 m)-borsslag/borsslag-items | 1 |
| | | |
| 1.18 | • Swimming World<br>• Universiteit van Pretoria<br>• Verskeie organisasies<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.19 | Ek het geleer dat ...<br>• jy sukses kan behaal as jy hard werk.<br>• jou prestasies nie na jou kop toe moet gaan nie.<br>• jy jouself nie as superster moet sien nie, maar iemand wat sy talente gebruik/jy altyd nederig moet bly.<br>• jy moet aanhou oefen, (want jy weet nie wanneer 'n volgende geleentheid kom nie.)<br>• jy jou talente moet gebruik/nie bang moet wees om te waag nie; selfs al doen jy dinge vir die eerste keer, kan jy sukses behaal/'n mens sterker is as wat jy dink jy is.<br>• jy aan soveel kompetisies as moontlik moet deelneem (om jou voor te berei.)<br>• jy ook 'n kwalifikasie moet verwerf wat jou sal help wanneer jy nie meer aan sport kan deelneem nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20 | • Ek kan sien hoe die mense/Ntando en Tatjana lyk./Dit is lekker om te sien hoe lyk Suid-Afrikaners wat ons trots maak.<br>• Ek kan sien waarom ons trots op hulle kan wees/dat hulle medaljewenners is.<br>• Dit maak die inhoud duidelik/interessant, (want ons kan sien oor wie hier geskryf word.)<br>• Ek kan die medaljes/vlag/blydskap op hulle gesigte sien./Ek kan hulle ervaring visualiseer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: WEERKAART**
[Verwerk uit sawx.co.za]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.21 | • Dit stel die hoogste/maksimum/warmste en die laagste/minimum/koudste temperatuur voor.<br>• Die een pyltjie/pyltjie wat op wys, wys die hoogste temperatuur (19ºC) en die ander een/pyltjie wat af wys, wys die laagste temperatuur (11 ºC).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.22 | • Die son gaan skyn./Sonskyn<br>• Dit gaan mooiweer wees.<br>• Dit gaan 'n lekker (sonskyn)dag wees.<br>• Daar gaan sonskyn met 'n paar wolkies wees.<br>• Dit is gedeeltelik bewolk.<br>• Meestal sonskyn met bietjie wolke.<br>• Sonnige weer met enkele wolke.<br>Let wel: Ons aanvaar nie net *warm* nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.23 | Daar word reën voorspel./Dit gaan moontlik reën./Daar is reënbuie/ buie. | 1 |
| | | |
| 1.24 | L'Agulhas | 1 |
| | | |
| 1.25 | B/Die wind in Saldanha het daardie dag die sterkste gewaai. | 1 |
| | | |
| 1.26 | • Die weerkaart wys slegs die inligting vir die Wes-Kaap.<br>• Die weerkaart maak nie voorsiening vir Limpopo nie./Limpopo verskyn nie op die weerkaart nie.<br>• Dit is nie 'n volledige weerkaart van die hele land nie./Die weerkaart is net vir die Wes-Kaap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die **feit nog sin maak** om die punt te verdien).
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte
    **Verduideliking:** Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar 1 daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir hierdie opsomming.

    Indien 2 direkte aanhalings of meer gegee is, ignoreer hierdie kategorie en beoordeel dan by volgende kategorie.

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  (Direkte aanhaling: Wanneer 'n hele sin **<u>of</u>** die kerngedagte **<u>of</u>** die grootste gedeelte van die sin woord-vir-woord volgens die vraestel is)
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken
    **Verduideliking:** Indien die kandidaat net 1 korrekte feit het en dit is 'n direkte aanhaling, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2**

**TEKS C: SÓ KAN JY GESOND LEWE!**
[Verwerk uit Digital revolutions – Google]

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| Hoe jy jou dag begin, bepaal in watter bui jy vir die res van die dag sal wees. 'n Vaste **oggendroetine** kan jou help om jou dag goed te begin. Deel van hierdie roetine is dat jy betyds moet opstaan. **Gereelde oefening** kan nie genoeg beklemtoon word nie. Jy hoef nie ver te gaan hardloop of enige strawwe oefening te doen nie. Jy kan net stap. Dit sal ook help om jou hartklop te verhoog en spanning te verlig. | 1 | Beplan 'n (vaste) oggendroetine./Jy moet 'n (vaste) oggendroetine beplan om jou dag beter te maak./Begin die dag met 'n (vaste) oggendroetine. |
| | 2 | Gereelde oefening help om spanning te verlig./Jy moet gereeld oefen./Oefen/stap gereeld. |
| Groente, veral **donker blaargroente**, het baie voordele. Dit gee 'n mens 'n gesonder vel en meer energie. Jy sal sommer 'n verbetering in jou gesondheid sién as jy iets groens **by jou ontbyt insluit**. **Essensiële olies** is nie net lekker om te gebruik nie. Dit kan ook help om jou gesond te hou. Jy kan watte in laventelolie of bloekomolie doop en dit in 'n sakkie toebind. Wanneer jy dan gespanne is, kan jy die olies inasem. Dit sal jou lekker laat ontspan. **Vars lug** maak die longe, die hart en die gedagtes oop. As jy net vyftien minute per dag vars lug inasem, kan dit jou dag opvrolik en jou bloedvloei verbeter. | 3 | Sluit (donker blaar)groente by jou ontbyt/dieet in./Jy moet (donker blaar)groente by jou ontbyt/dieet insluit./(Donker blaar)groente is goed vir jou. |
| | 4 | Asem essensiële (laventel of bloekom) olies in./Jy moet essensiële (laventel of bloekom) olies inasem./Essensiële olies/laventel- en bloekomolie is goed vir jou/hou jou gesond. |
| | 5 | Asem soveel as moontlik vars lug in./Jy moet soveel as moontlik vars lug inasem./Vars lug is goed/gesond vir jou. |
| **Om gereeld te strek** is baie goed vir jou. Dit help jou om te ontspan en is nodig om spiere te herstel en te versterk. Jy kan sommer jou eie strekoefeninge tuis doen. Wanneer 'n mens moeg is, is jy geïrriteerd en kan jy nie goed werk nie. Daarom is dit belangrik om **genoeg** te **slaap**. Dit herstel jou liggaam en gees. | 6 | Doen gereeld strekoefeninge./Jy moet gereeld strekoefeninge doen./Strek gereeld. |
| | 7 | Slaap genoeg om gesonder te voel./Jy moet genoeg slaap./Slaap genoeg. |
| | | (54 woorde)/(51 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: TAAL**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Verwerk uit TVStuffReviews.com]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Mense wat graag oefen/van sport/verskillende sportsoorte hou/verskillende sportsoorte beoefen.<br>• Mense wat van (digitale/nuwe) tegnologie hou.<br>• Mense wat gesond wil leef.<br>• Mense wat ingelig oor hulle gesondheid wil wees.<br>• Mense wat gereeld hulle selfone laat val.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.2 | Jy is moeg om jou selfoon te laat val. | 1 |
| | | |
| 3.3 | nuut**ste** *(sp)* | 1 |
| | | |
| 3.4.1 | figuurlik | 1 |
| | | |
| 3.4.2 | • Wanneer iets/iemand jou belange op die hart dra, beteken dit ...<br>○ jou belange is belangrik/jy is belangrik.<br>○ jy gee om vir iets/iemand.<br>• 'n Slimfoon kan nie emosioneel na jou omsien/vir jou omgee nie./ Dit is net tegnologies.<br>• Vir 'n horlosie/objek is jy/'n mens nie belangrik nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.4.1 moet korrek wees om die punt by VRAAG 3.4.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 3.5.1 | • Om die leser te **oorreed/wys** dat hy/sy die horlosie benodig.<br>• Om die leser te **oorreed/wys** dat die horlosie jou met jou gesondheid kan help.<br>• Die adverteerder wil die teikengroep manipuleer/beïnvloed om die horlosie te koop.<br>• Sodat die leser ingelig kan wees oor die produk.<br>• Sodat mense die produk koop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.5.2 | jou treë te tel as jy stap | 1 |
| | | |
| 3.6 | • Dit maak die advertensie persoonlik.<br>• Dit laat die leser betrokke voel/betrek die leser/spreek die leser direk aan.<br>• Dit is 'n manier/tegniek om jou as leser te oorreed/te manipuleer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.7 | B/dadelik 'n Slimkop gaan | 1 |
| | | |
| 3.8 | • Die prys van die slimhorlosie/wat dit kos.<br>• Die adres van die handelaar.<br>• Die naam/besonderhede van die handelaar.<br>• Alternatiewe kontakbesonderhede./E-posadres/Webwerf waar dit bestel kan word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk uit Mama Taxi]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1.1 | • Die antenna/lig/draad agterop is agtertoe gebuig.<br>• Die motorfiets se wiele is meer ovaal as rond/skuins gedraai/nie rond nie.<br>• Daar is bewegingslyne/strepe by/om sy motorfiets.<br>• Daar is stofwolke in die agtergrond.<br>• Dit lyk of die motorfiets uitgerek is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.1.2 | • Die hooi(bale)/goed/vrag vlieg deur die lug/val van die bakkie af.<br>• Die hooi(bale) hop op die grond (en val nie net nie).<br>• Daar is stofwolke in die agtergrond/agter die bakkie.<br>• Frikkie moet so vinnig ry om by die bakkie uit te kom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.2 | die klank wat die sirene maak | 1 |
| | | |
| 4.3 | Frikkie/Die verkeerskonstabel sê/het gesê dat sy hooi van die bakkie afgeval het. | 1 |
| | | |
| 4.4 | • Sy oë is wyd oop/groot.<br>• Hy lê half by die venster uit.<br>• Hy wys met sy vinger (na die boete/kaartjie).<br>• Sy hoed is gefrommel./Sy hoed (se vorm) is 'n aanduiding van sy stres/spanning.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.5 | wat is | 1 |
| | | |
| 4.6 | B/hy genoeg gehad het van mense wat die wet oortree. | 1 |
| | | |
| 4.7 | Die ouer man wie se hooi afgeval het, ... ✓<br>• voel geïrriteerd.<br>• bevraagteken die feit dat hy 'n boete kry.<br>• maak asof hy nie weet wat hy verkeerd gedoen het nie.<br>• is verbaas oor Frikkie se optrede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Die bestuurder van die ander voertuig jaag voor Frikkie se oë verby (dat die stof so staan). ✓<br>*(Of soortgelyk)*<br>**OF**<br>Altwee het gejaag. (1 punt) ✓ | 2 |
| | | |
| 4.8 | te laat lag | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: ARTIKEL**
[Verwerk uit *Wikipedia*]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | soek+en+jin **of** soek – en – jin **of** soek/en/jin<br>*(Enige EEN. Die verdeling moet volledig wees.)* | 1 |
| | | |
| 5.1.2 | • Dit word deur miljoene mense gebruik.<br>• Dit word gebruik deur miljoene mense.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.1.3 | herken | 1 |
| | | |
| 5.1.4 | Die stigters van *Google* **het besluit** om 'doodles' te skep. | 1 |
| | | |
| 5.1.5 | tydelike *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.6 | dertig *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.7 | byvoorbeeld *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.8 | • Somtyds/somtyds<br>• Partymaal/partymaal<br>• Partykeer/partykeer<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.1.9 | Michael Jackson, Albert Einstein en Louis Braille is al met spesiale 'doodles' vereer. | 1 |
| | | |
| 5.1.10 | vir | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.11 | Jy moet die vleis in die groot bak **skep**./**Skep** vir jou kos in./Hulle **skep** lekker as deel van korrupsie./Dit **skep** probleme./Hy **skep** 'n goeie indruk.<br>*(Enige sin waar die homoniem van die woord duidelik is en* ***nie*** *daarop dui dat iets ontwerp, gemaak of vervaardig word nie.)* | 1 |
| | | |
| 5.1.12 | meer *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.13 | Studente kry dan kans **om** 'doodles' **te** skep. | 1 |
| | | |
| 5.1.14 | we**nn**er/wenners *(sp)* | 1 |

**VRAAG 5.2**

**TEKS G: PRENT**
[Verwerk uit depositphotos]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Die drie jongmense is **nie** familie van mekaar **nie**. | 1 |
| | | |
| 5.2.2 | vergadering/byeenkoms/samekoms | 1 |
| | | |
| 5.2.3 | suster/sussie *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.2.4 | Lisa skryf die belangrike punte op haar tablet **sodat** sy dit **kan** onthou. | 1 |
| | | |
| 5.2.5 | winter**s**klere **of** winterklere | 1 |
| | | |
| 5.2.6 | haar | 1 |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

*Kopiereg voorbehou*